Dié outjie

Dié outjie gaan skool toe
En dié outjie bly tuis.
Dié outjie gaan kuier …
By dié outjie se huis.
En dié outjie stap winkel toe
Met ’n tiekie in sy vuis.

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.

Oor die rympie

Hierdie is 'n uittelrympie wat gebruik kan word om kinders te leer om van een tot vyf te tel op hul vingers. Die rympie vertel 'n storie oor verskillende "outjies" en wat hulle doen, soos skool toe gaan, tuis bly of gaan kuier.

Die storie in die rympie word vertel deur die vyf vingers van jou kind se oop hand te gebruik. Vir elke "outjie" word een vinger van jou kind se hand ingevou. Die laaste outjie stap winkel toe met 'n tiekie in sy vuis. Wanneer die laaste vinger ingevou word, vorm die hand 'n vuis. Die "tiekie" wat hy in sy vuis vashou, is 'n klein silwer muntstuk wat in vandag se geld omtrent drie Suid-Afrikaanse sent werd is. Hierdie rympie is geskryf voor sente sekere munte soos pennies, tiekies en sjielings vervang het.

About the rhyme

This is a counting rhyme that can be used to teach children to count from one to five, using their fingers. The rhyme tells a story about different characters (*outjies*) and what they do, namely go to school, stay at home, go and visit one of the others. *Outjie* is an informal word for a friend or person.

The story in the rhyme is told using the five fingers of your child's open hand. Fold in a finger for the *outjie* in each line of the rhyme. The last *outjie* goes to the shop with a tickey in his fist. When the last finger is folded in, the hand is closed in a fist. The word *tiekie* ("tickey" in English) that the last *outjie* holds in his fist is a small silver coin that is the equivalent to about three South African cents in today's money. The rhyme was obviously written before cents replaced coins like pennies, tickeys and shillings.

PRAESA

For more free multilingual language and literacy resources for children, visit www.praesa.org.za.

Aktiwiteite

- Nooi jou kinders om hul hande en vingers te gebruik terwyl julle die rympie opsê/daarna luister. Begin deur een hand met uitgestrekte vingers op te hou. Buig dan elke vinger na die palm van die hand toe terwyl julle elke reël van die rympie opsê. Hou die hand in 'n vuis vir die laaste reël van die rympie.
- Kry klein voorwerpe waarvan jy vyf het – byvoorbeeld: vyf lepels, vyf plastiekkoppies, vyf skoene. Sit hulle in 'n ry voor julle neer. Vat dan een item op 'n slag weg soos wat julle die reëls van die rympie opsê.
- Stel voor dat jou kinders die buitelyn van een van hul hande natrek terwyl hulle dit op 'n vel papier druk. (Jy sal dalk jonger kinders hiermee moet help.) Vra hulle dan om hul handvorms te versier.

Activities

- Invite your children to use their hands and fingers as you say/listen to the rhyme. Start by holding up your hand with your fingers stretched out. Bend each finger towards the palm of your hand as you say each line of the rhyme. Keep your hand in a fist for the last line of the rhyme.
- Find small objects that you have five of – for example: five spoons, five plastic cups, five shoes. Put them in a row in front of you. Remove one item at a time as you say each line of the rhyme.
- Suggest that your children draw around the outside of one of their hands as they hold it down on a sheet of paper. (You may need to help younger children with this.) Invite them to decorate their hand shapes.